
Week 3 Datum: ______________

## Sarel die Seepman


In tant Lena se winkel lê 'n groen koekie seep. Almal ken hom as Sarel. Hy lê al so lank daar dat hy vuil is van die stof en niemand stel meer belang om hom te koop nie.
Eendag gebeur daar 'n wonderwerk. 'n Ou oom stap die winkel binne en wil sowaar die koekie seep koop. Sarel verstik byna aan die stof toe tant Lena hom van die rak afhaal, maar hy is so bly want sy lyfie is al so seer van die lank lê op die harde rak.
Hy voel baie opgewonde. Nou behoort hy ook aan iemand. Die oom haal 'n skerp mes uit sy sak. Sarel se lyfie word lam van die skok. Die man hou vir Sarel styf vas. Stadig begin hy met 'n mes aan Sarel se lyfie kerf.

Sarel byt op sy seeptandjies, hy roer nie. Hy knyp net sy ogies toe. Hy wil nie sien wat die oom met hom doen nie. Hy voel skielik hoe die greep om sy lyfie verslap.
Baie stadig en versigtig plaas die oom hom op die tafel.
Hy loer met sy een ogie en sien die oom se breë glimlag. Hy roer sy lyfie stadig en versigtig. Hy kan dit nie glo nie! "Ek het 'n kop!" skree hy, "Ek het 'n lyf!" gil hy. Hy is so bly, "want nou kan ek sing en dans," dink hy.
Die oom kry sommer 'n klapsoen op sy wang. "Ek is die gelukkigste mannetjie in die hele wêreld. Nog 'n soen vir oom."
"Pasop," sê die oom, "jy mag nie vergeet dat jy 'n seeplyfie het nie!"



Datum: ______________

**My tone** T Hanekom



Ag, my tone!
Kyk my snaakse tone!
My groottoon, my kleintoon,
En al my ander tone.
'n Krom toon, 'n stomp toon,
'n plat toon, 'n lang toon!
Hoe kan hierdie snaakse boel
in 'n skoentjie lekker voel?

- Teken jou tone:

- Omkring die antwoord:


| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoeveel tone het jy? | 12 | 11 | 10 |
| Hoeveel groottone het jy? | 1 | 2 | 3 |
| Is jou tone krom? | Ja | Nee | |
| Het jy 'n lang toon aan elke voet? | Ja | Nee | |
| Lyk jou tone vir jou snaaks | Ja | Nee | |
| Is jou toonnaels kort en skoon? | Ja | Nee | |

Datum: ______________

## Wie nie wil hoor nie



1. Daar was eendag 'n kaboutertjie wat net nooit wou luister as die feëkoningin praat nie. Sy naam was Duimpie. Almal in kammaland was naderhand raadop met Duimpie.



Op 'n dag het die feekoningin besluit om 'n plan te maak sodat Duimpie 'n les geleer kan word. Sy het hom laat roep en vir hom gesê: "Duimpie, elke keer as jy nie luister nie, gaan jou ore so 'n bietjie groter word." Soos gewoonlik het Duimpie nie eers geluister na wat die koningin te sê het nie.



Elke dag het Duimpie se ore groter, geword. Omdat daar nie spieëls in kammaland is nie, het Duimpie nie gesien hoe groot word sy ore nie, maar hy het wel gevoel hoe swaar hulle word.

2. Die kabouters en feëtjies wat geweet het van die plan, het niks gesê nie. Die diertjies het egter begin bang word vir Duimpie met sy snaakse groot ore. Hulle het al minder met hom gespeel. Duimpie se ore was naderhand so groot dat hy skaars kon regop loop. Een oggend het hy wakker geword, en sy ore was al so groot dat hy glad nie kon opstaan nie. Duimpie het vreeslik begin huil.

Die feekoningin het besluit om Duimpie te gaan besoek. Sy het aan Duimpie gesê: "Ek dink jy het nou jou les geleer, elke keer as jy nou luister, sal jou oortjies kleiner word, maar as jy nie luister nie, sal dit weer groter word." Van daardie dag af het hy sommer baie mooi geluister as iemand praat. Sommer baie gou was Duimpie se oortjies weer mooi klein. Tot vandag toe luister hy baie mooi wanneer daar met hom gepraat word.

- Lees die storie en antwoord die vrae:

Wie is Duimpie? ________________________________

Wat het met hom gebeur? ____________________

Het jy iets uit die storie geleer? ________________

Kan jou ore groter en groter word? ____________

- Lees die tweede gedeelte van die storie en kleur die oo, oe, ou en ooi klanke in.

Datum: ______________

## My mond

My mond is 'n gawe van God.
Praat mooi, sê sy groot gebod.
Kom ons gesels en leer dan meer.
hoe om ons dierbares te trakteer.
Ons het mekaar nodig, ja.
En anderdag gaan ek
jou weer 'n gunsie vra.

- Lees die gedig.
- Lees wat die moeilike woorde beteken.

**Gawe van God** beteken ons kry dit van God sonder om daarvoor te betaal.
**Trakteer** beteken om iemand soos Mamma te bederf. Maak dalk vir haar 'n koppie tee.
**Dierbares** is mense wat vir my kosbaar is. Mens kan nie dierbares met geld koop nie.

- Skryf 'n sin oor gawes van God:

______________________________________________

- Lees die slagspreuke.

Vele hande, ligte werk.

Eendrag maak mag!

'n Toe mond is 'n heelmond.

Baie koppe is beter as een.

'n Haastige hond verbrand sy mond!

- Dink jou eie slagspreuk uit en sê dit vir jou maat.

Datum: ____________

## Die goue sleuteltjie

Helena J.F. Lochner

As ek 'n goue sleuteltjie
in die hande kry,
dan sluit ek al die koutjies oop
en laat die voeltjies vry.

Ek sluit ook ons ou koskas oop,
waar ma die koek in hou
en allerhande lekkergoed,
waaraan ek graag wil kou.



Maar ons ou skooldeur sluit ek toe,
so styf as jy kan dink –
die sleutel gooi ek in die see
om daar diep weg te sink.

- Lees die gedig.
- Teken 'n koskas met die kos waarvan jy hou.


Datum: ______________

Verbind die woord met die regte prentjie:


roei * * 

bloei * * 

koei * * 

snoei * * 

vloei * * 

broei * * 

groei * * 

Voltooi die sinne:

<table>
<tr>
<td>Jy melk my. Ek slaap in 'n kraal.<br>Ek is 'n ................<table><tr><td>loei</td><td>koei</td><td>foei</td></tr></table></td>
<td>'n Hond blaf. 'n Donkie balk.<br>'n Koei ................<table><tr><td>boei</td><td>stoei</td><td>loei</td></tr></table></td>
</tr>
<tr>
<td>Jy is 'n dief. Ek vang jou.<br>Ek ................ jou.<table><tr><td>loei</td><td>boei</td><td>booi</td></tr></table></td>
<td>Jy sit in 'n boot. Jy is op die water.<br>Jy ................ oor die water.<table><tr><td>rooi</td><td>roei</td><td>raai</td></tr></table></td>
</tr>
<tr>
<td>Plant my. Gee my water.<br>Ek ................<table><tr><td>broei</td><td>groei</td><td>gooi</td></tr></table></td>
<td>Ek is 'n hen. Ek sit op 'n nes.<br>Ek ................<table><tr><td>broei</td><td>draai</td><td>prooi</td></tr></table></td>
</tr>
<tr>
<td>Ma stryk. Haar yster is te warm.<br>Sy ................ die hemp.<table><tr><td>skroei</td><td>sooi</td></tr></table></td>
<td>Die reën water val op die grond.<br>Die riviere ................ see toe.<table><tr><td>vlooi</td><td>vloei</td></tr></table></td>
</tr>
</table>

# Meervoude

Datum: ____________

Reël: As daar 'n kort klank of klinker in 'n woord is, verdubbel die medeklinker na die kort klinker:

Voorbeeld:

kat klinker medeklinker wat moet verdubbel

een kat → baie katte

Skryf die meervoud van:

| | | | |
|---|---|---|---|
| som | ____________ | pil | ____________ |
| bus | ____________ | rak | ____________ |
| mat | ____________ | ster | ____________ |
| bok | ____________ | fles | ____________ |
| pop | ____________ | rok | ____________ |
| blom | ____________ | kam | ____________ |
| bril | ____________ | mes | ____________ |

Gebruik vier van die woorde en hul meervoude om sinne te maak.

Voorbeeld: Lien het 'n wit kat, maar haar tannie het drie swart katte

1. ________________________________________

________________________________________

2. ________________________________________

________________________________________

3. ________________________________________

________________________________________

4. ________________________________________

________________________________________

Datum: ______________

- Kyk na die prent en onderstreep die regte woorde in elke sin.



**Alida**

Alida is 'n (vet/skraal), (vriendelike, nukkerige) (seun/meisie) met (lang vlegsels/kort, krullerige hare). Sy speel (gister/môre/vandag)(krieket/tennis/rugby). Met een (voet/hand) (swaai/gooi) sy die (rugbybal/tennisbal) hoog in die lug, en met die ander hand (swaai/gooi) sy die (krieketkolf/tennisraket). Sy is 'n (goeie/swak) (swemster/sangeres/tennisspeelster) wat al baie (sangkompetisies/tenniswedstryde/rugbybekers) gewen het.

- Skryf nou waarom jy dink Alida het 'n baie goeie tennisspeelster geword.

______________________________________________

- ______________________________________________

______________________________________________

- ______________________________________________

______________________________________________

- ______________________________________________


______________________________________________


- ______________________________________________

______________________________________________


Datum: ____________


Nommer die prente in die regte volgorde en skryf dan jou eie storie oor wat gebeur het.














- ______________________________
- ______________________________
- ______________________________
- ______________________________

## Speltoets

Datum: ____________

## Diktee

•

•

•

•

•

•

•